

# Rut die Moabiet

## Die antwoord oor Rut:

Prof. Murray Janson beweer dat ons Messias 'n baster was. Die argument wat hy aanvoer, wat in die Nuwe Afrikaanse Vertaling as kommentaar opgeneem is, is dat Rut, as deel van Josef se voorgeslag, 'n baster sou wees omdat die Skrif praat van Rut die Moabitiese (Rut.1:22).

Kom ons bekyk hierdie stelling van naderby. Benewens die feit dat Josef nie YAHUSHA se VADER was nie, maar wel die GEES van VADER (Matt.1:18-20, Luk.3:23), en hoewel Rut wel in sy voorgeslag voorkom, is die geagte Professor se argument se vertrekpunt buitendien vals en ongegrond. Sy argument oor Rut val plat want: Nahor se seuns was Aram en Betuel. Laban, Betuel se seun, word egter 'n Arameër genoem (Gen.25:20) omdat hy in sy broer Aram se grondgebied Padan-Aram gewoon het. Jakob was 'n swerwende Arameër genoem om dieselfde rede (Deut.26:5). Moses word 'n Egiptiese man genoem (Ex.2:19). Wat sê dit dus vir u as die Skrif praat van Rut, die Moabitiese? Al wat dit sê, is dat sy in Moabitiese grondgebied gewoon het, dis al! Abram se broerskind, Lot, se seuns was Moab en Ammon. Midian was Abram se seun by Ketura. Beide Isak en Jakob neem hulle vroue uit Betuel se geslagslyn en Esau is Jakob se broer. Yashar'EL, Moab, Midian, Ammon en Edom kom dus almal uit Tera se geslagslyn.”

Waar is die verbastering waarop so gehamer word? Die enigste wesentlike vraag ontstaan uit Deut.23:3-6 se verbod. Miskien moet ons die verduideliking nog verder terug gaan haal. In Num.22-25 lees ons van die verleiding van Bileam, toe hy vir Balak die raad gegee het om die mooiste dogters van sy volk na die jongmanne se laer te stuur om hulle te verlei, waarna al die oortreders in Yashar'EL uitgeroei was en YAH vir Moses die opdrag gegee het: Num.25:17 “Behandel die Midianiete as vyand en verslaan hulle.”, en weer in Num.31:2 “Neem wraak vir die kinders van Yashar'EL op die Midianiete; daarna sal jy by jou volksgenote versamel word.” In die res van Num.31 lees ons hoe die Midianiete uitgeroei word en hulle woonplekke verbrand en afgebreek word. Daarna lees ons van die kinders van Gad en Ruben se versoek om grondgebied in die vlaktes van Moab aan hulle toegeken te kry en hulle versekering dat hulle eers sal help om die Beloofde Land te verower, en verder in Num.32:33 “So het Moses dan aan hulle gegee, aan die kinders van Gad en die kinders van Ruben en die halwe stam van Manasse, die seun van Josef, die koninkryk van Sihon, die koninkryk van Og, koning van Basan, die land volgens sy stede met die grondgebied wat daarby behoort, die stede van die land rondom”.

In Jos.22 lees ons hoe die stamme Ruben, Gad, en die halwe stam van Manasse die voormalige Moabitiese gebied beset, waarin alle Moabiete uitgeroei was. Moabiete het dus in Rut se tyd eenvoudig nie meer daar bestaan nie.

Uit Rut se verhaal sien 'n mens verder dat die tradisionele Wet en geregtigheid in daardie tyd besonder nougeset en openlik in die openbaar toegepas was, ten aanskoue van alle inwoners van Bethlehem. Is dit moontlik dat niemand die ooglopende oortreding sou raaksien as dit bestaan het nie?

Ons sien tog ook duidelik dat Yashar'EL maklik die verlate veld van Moab binnegetrek het as hulle swaargekry het. Naomi en haar gesin was tog sekerlik nie die enigste of eerste nie. As Naomi se seuns bly leef het, sou hulle nie terug getrek het nie? Hulle het dan 'n erfdeel in Yashar'EL! Rut self sê aan Naomi "u volk is my volk en u SKEPPER is my SKEPPER", Naomi noem Boas "ons bloedverwant"(Rut3:2) en daar is selfs 'n lossier nader as Boas. Boas sê "...dit is sekerlik waar dat ek die lossier is, maar daar is nog 'n lossier, nader as ek". (Rut3:12) Rut se huwelik het gelei tot die geboorte van Obed, Isai se vader, wat Dawid se vader was.

YAH herinner ons verskeie kere in die Skrif dat, hoewel Hy mag vergewe (voorwaardelik), Hy nogtans sal straf (Ex.34:7 Nah.1:3 ens.). Was Boas miskien gestraf? Die hele verhaal speel duidelik af in 'n tyd toe die Wet nog noukeurig toegepas was. Hierdie gebied was buitendien beset deur Yashar'EL van die stamme Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse (Jos.13), nie Moabiete nie: Jos.13:32 "Dit is wat Moses as erfenis uitgedeel het in die vlaktes van Moab, oos van die Jordaan van Jérigo teen die ooste". Dit is waar Yashar'EL vir drie jaar lank uitgekamp het voordat hulle in Kanaän inbeweeg het, nadat hulle die Moabiete wat daar gewoon het verdryf het. Die voorheen Moabitiese gebied het net eenvoudig nie meer Moabiete bevat nie. Die uitdrukking onderskei maar net die inwoners van daardie gebied van dié wat in die Beloofde Land self gewoon het! Hoe moedswillig of blind moet 'n mens wees om so te laster? 'n Groot ophef word gemaak van Ragab "die hoer", wat na Jerigo se val toegelaat is om met die Yashar'EL saam te trek. Die verhaal, soos dit vertaal is, is 'n bietjie eienaardig om die minste te sê. Stel jou voor, twee manne, uitgesoektes uit 'n volk met uiters streng sedewette kom in 'n vreemde stad waar hulle niemand ken nie. Wanneer dit aand word, gaan slaap hulle by 'n hoer!

Verskeie ander vertalers en opstellers van konkordansies (bv. Ferrar Fenton) leer ons dat dieselfde woord wat vir "hoer" gebruik is, ook "herbergier", is. "Iemand wat hoog lewe", "afgod aanbidder", of "afvallige", d.w.s. een wat godsdienstig hoereer, kan beteken. Dink u nie dat "herbergier", soos in die eerste eeuse priester en geskiedkundige Josephus se vertaling, beter sou pas nie? Is die vertaling nie 'n bietjie moedswillig nie? Dat sy die Yashar'EL goedgesind was, en dat hulle nie 'n probleem gehad het om haar en haar familie saam te neem nie, beteken waarskynlik dat sy 'n verwante "vreemdeling", 'n "ger" moes gewees het.

Dit was ook destyds die gewoonte om 'n herberg deel van die stadsmuur te maak, wat verklaar hoe Ragab 'n rooi tou by haar venster kon uithang vir die Yashar'EL om te sien. Soos op elke ander plek waar daar die geringste kans is, word Matt.1:5, waar Boas se moeder Ragab genoem is, ook gebruik om te probeer aantoon dat daar 'n smet in YAHUSHA se voorgeslag is, deur haar met die Ragab van Josua se tyd te identifiseer. Vir daardie Ragab om Boas se moeder te kon wees, moes sy reg deur die rigterstyd geleef het en, in 'n tyd toe die mens se leeftyd reeds van voor Abraham af ingekort is, heelwat meer as 300 jaar oud gewees het toe sy aan Boas geboorte geskenk het. Al wat hierdie misleiers egter reggekry het, is om hul eie onnosselheid, of moedswillige boosheid ten toon te stel. Soos Pred.10:3 sê: "Ja, ook as die dwaas op die weg wandel, ontbreek sy verstand; en hy sê aan elkeen dat hy 'n dwaas is".

#### Die Vlaktes van Moab

As ons na 'n kaart van die gebied in die Ou Testamentiese tyd kyk, sien ons dat die Arnon rivier die noordelike grens van die land Moab is, omtrent in die middel van die Dooie See aan die oostekant daarvan. Die "vlaktes van Moab" lê egter noord van die Arnon, in die land Gilead, die land van die Amorieite, waar Sihon deur die Yashar'EL verslaan was, met sy hoofstad Hesbon. Dít is die gebied wat Moses en Josua uitgedeel het aan die stamme Ruben, Gad, en die halwe stam van Manasse. Jerigo lê net noord van die noordelike punt van die Dooie See waar die Jordaan in die Dooie See invloei. Die Skrif sê duidelik dat die vlaktes van Moab oos van die Jordaan van Jerigo was (Num.22:2, 26:4,64, 31:12, 33:48, 50, 35;1, 36:1). Dit is dus duidelik dat die "vlaktes van Moab" nie deel van die land van Moab was nie.

[So opgestel uit die Skrif deur Johann Malherbe wat ek mee saamstem]

Bedink dit